

15 Mei - HEILIGE GEES

Skrifgedeelte: Galasiërs 5:1, 13-26

Fokusgedeelte: Galasiërs 5:22-23

Die HEILIGE GEES is Gees van God, Gees van Christus (Rom 8:9). Jesus noem Hom die Voorspraak, die Gees van die waarheid (Joh 16:7, 13). Ons bely dat Hy die ewige Krag en Mag is wat van die Vader en die Seun uitgaan (NGB, art. 8), dat Hy van een en dieselfde wese, majesteit en heerlikheid as die Vader en Seun is (NGB, art. 11). Maar Hy is ook die Here wat lewend maak (Nicea), ons Heiligmaker deur sy inwoning in ons hart (NGB, art. 9).

Ja, die Gees woon in ons, werk in ons, beheers ons. Hy het ons – met ons wedergeboorte – lewend gemaak en aan ons 'n nuwe geaardheid gegee (DL, III:11, 12, 16). Maar Hy sorg ook dat ons al meer soos Jesus begin lyk. Hy laat ons vrug dra ...

Die vrug van die Gees: één vrug; nege skyfies. Ek en jy in wie die Gees woon en werk, dra hierdie vrug in sy totaliteit. Al nege fasette van die vrug word deur die Gees in elke gelowige bewerk. En die Gees laat hierdie vrug ook nog in ons lewe groei en toeneem.

Wat doen ons? Ons sê dat ons vry is (wat ons ook in Christus is!), maar tog baklei ons teen die Gees en doen ons sonde. Ons vergeet dat ons vry is om deur die krag van die Gees weerstand te bied teen ons eie aard om ons gedrag deur die Gees te laat bepaal; om ons deur die Gees te laat lei.

My nuwe lewenstyl is dus die gevolg van die Gees se werk in my. Dis nie ék wat met groter liefde en geduld en selfbeheersing moet leef nie. Dis nie ék wat die groei in vrede en vriendelikheid en nederigheid moet bewerk nie. Néé, die Géés bring vreugde en getrouheid en goeiehartigheid na vore wanneer ék my deur Hóm laat beheers!

Is dit nie heerlike genade nie? Ons lewe word nuut – nie omdat ons iets doen nie, maar omdat Jesus se Gees in ons werk en ons laat vrug dra. So word Jesus se woorde werklikheid: *Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie* (Joh 15:5).

Sing: Skrifberyming 8-1:1-2

Ds PW Kurpershoek (Middelburg, Mpumalanga)